

klipels (*Afrocanthium mundianum*), bergsalie (*Nuxia congesta*), bergvaalbos (*Brachylaena rotundata*), witbos (*Maerua caffra*), bergbos (*Osyris lanceolata*), kasuur (*Pittosporum viridiflorum*), rooibos (*Combretum apiculatum*), Hoëveldkiepelsol (*Cussonia paniculata*), die blompeer (*Dombeya rotundifolia*) en die berg- of boomaalwyn (*Aloe marlothii*).

### **Suidfronthange**

Die gemengde grasveldgemeenskappe wat op klipperige grond aan die suidfronthange van die kwartsietrante voorkom, huisves bo en behalwe dié grasse in die reeds genoemde grasveld-biome, ook grasspesies soos koperdraadgras (*Aristida junciformis*) en eenvingergras (*Digitaria monodactyla*), en struik soos die geelbos (*Lopholaena coriifolia*), bankrotbos (*Stoebe vulgaris*) en verfbos (*Indigofera comosa*). Verder kom vetplante soos die bloukappie (*Polygala amatymbica*) ook op die platkruine voor. Ander plantspesies wat op die rotsagtige suidfronthange goed verteenwoordig is, is die rooi ivoor (*Berchemia zeyheri*), die wilde- of Kaapse kastaiing (*Calondendrum capense*), die doppruim, (*Pappea capensis*), bloubos (*Diospyros lycioides*), vaalbos (*Lopholaena coriifolia*), kurkbos of visgif (*Mundulea*), wildemirt (*Myrsine africana*), die koorsbossie (*Lippia jaranica*) en die olienhout of 'African Olive' (*Olea europaea* subsp. *africana*). 'n Seldsame olienhoutwoud (*Olea europaea* subsp. *africana*), die grootste van sy soort in die wêreld,<sup>144</sup> staan teen die suidfronthange en in die kloof aan die Noordwes-kant van die Vaalrivier, op die plaas Koppieskraal 517 IQ. Soortgelyke woude kom ook in die klowe en teen die suidelike hange van die plaas Buffelskloof 483 IQ voor. Daar kom drie verskillende spesies grondorgidee, 'n *Euliphia*-spesie en twee spesies *Bonatea*, *Bonatea antennifera* en *Bonatea polypodantha*, in die Olienhoutboshabitat voor.<sup>145</sup> In 2007, 'n besonder droë jaar, het prof. Frans Waanders laasgenoemde miniatuur-orgideë, wat hy veldfeetjies noem, toevallig in die Koepel ontdek.<sup>146</sup> Hierdie orgideë se habitat is hoofsaaklik in die noordoostelike dele van die Oos-Kaap, KwaZulu-Natal en Mpumalanga. Dié spesie is reeds op twee plekke in die Koepelgebied opgemerk, naamlik in die Olienhoutbos, waar hy as gevolg van 'n tekort aan sonlig, nie blom nie, en langs die grondpad van Parys na die Schoemansdrifbrug, op die plaas Deelfontein.<sup>147</sup>

---

<sup>144</sup> GPA, MO2, J.G.E. Fourie (75), Parys 2010.12.01.

<sup>145</sup> F. Waanders, "Orgideë: die Koepel se eie veldfeetjies" in *Impak*, 1, 2001, p. 14.

<sup>146</sup> F. Waanders, "*Bonatea polypodantha* – a new find?" in *Orchids South Africa*, 38(2), 2007, pp. 26-28.

<sup>147</sup> GPA, MO2, F. Waanders (58), Potchefstroom 2010.10.28.

## Nuttige plante

Die versameling van veldkos of voedsel uit die veld, soos vrugte, bessies, knolle, wortels, uintjies, sade, neute, groenigheid, miere, ruspers, wurms, eiers, voëls, heuning ensovoorts, vereis 'n deeglike kennis van wat eetbaar is of nie is nie. Hierdie kennis word grootliks kultureel oorgedra. Bekende veldvrugte is onder meer die suurpruime (*Ximenia caffra*), moepels (*Mimusops zeyheri*), bergmispel (*Tapiphyllum parvifolium*), wildepruim (*Harpephyllum caffrum*), jakkalsbessie (*Diospyros mespiliformis*), rosyntjebos (*Grewia flava*), doppruim (*Pappea capensis*), wildeperske (*Kiggelaria africana*) en wildeturksvye (*Opuntia megacantha*). Gedurende rosyntjietyd is handevol "rosyntjies" van die rosyntjebos gepluk en somer in die loop in die broeksak gesteek en geëet.<sup>148</sup> Wanneer die bergmispel (*Tapiphyllum parvifolium*) ryp word, het die kinders onthou waar die boom staan en die lekkernye gepluk.<sup>149</sup> Veldvrugte, die natuur se lekkernye,<sup>150</sup> is 'n belangrike bron van voedsel, nie net vir kinders omdat dit belangrike voedingstowwe bevat en vrylik beskikbaar is wanneer ander kos skaars is nie, maar ook vir diere, voëls en insekte. Die aanwesigheid van hierdie vrugteboom naby die antieke krale op die Koepelkoppies dui daarop dat die vrugte reeds sedert vroeë tye as bron van voedsel in hierdie omgewing gebruik is. Die teenwoordigheid van hierdie veldvrugte het soos elders in die wêreld moontlik vreemdelinge aangetrek en vestiging aangemoedig.<sup>151</sup> Indien vreemdelinge genoeg voedsel kon versamel, het hulle gewoonlik gevestig en dienooreenkomstig hul bewegings ingeperk.

Ongeveer 3 000 van die 30 000 plantspesies in Suid-Afrika word as medisyne aangewend, waarvan minstens 350 spesies algemeen as medikasie gebruik en verhandel word.<sup>152</sup> Tradisioneel het die mens ten nouste met die diere, plante en omgewing saamgeleef. Die plant is vir hom 'n bron van lewe (eetbare plante), maar ook van die dood (gifplante), en 'n hulpbron in tyd van siekte (geneeskragtige plante). Tradisionele geneeshere word dikwels in die Koepel gesien, waar hulle "medisyne" oes.<sup>153</sup> Wortels, bolle, wortelstokke, knolle, bas, blare, stamme, blomme, vrugte, sade, gom, eksudaat (uitsweetstof) en nektar

---

<sup>148</sup> S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 50.

<sup>149</sup> S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 50.

<sup>150</sup> Woorde van S.L. van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 50.

<sup>151</sup> A.N. Penna, *The human footprint: a global environmental history*, p. 60.

<sup>152</sup> B.E. van Wyk et al., *Medicinal plants of South Africa*, p. 7.

<sup>153</sup> GPA, MO2, G. Addison (63), Koppieskraal 2010.10.09.

word aan smouse voorsien. Dit word dan op straatmarkte<sup>154</sup> verkoop om in geneeskragtige hoedanigheid gebruik te word. 'n Beduidende aantal bome, struike, kruidagtige, rank- en bolplante word ook tradisioneel vir die behandeling van siektetoestande en ongesteldhede gebruik. Die informele, mondelinge tradisies van medikasie onder die inheemse bevolkingsgroepe is nog nie gesistematiseer nie en word mondeling van een geslag na die volgende oorgedra. Die ooreenkomste tussen die verskillende kulturele gemeenskappe se geneeskunde is dat dit simptome diagnoseer, siektetoestande behandel en goeie gesondheid in die vooruitsig stel. Verder word verskeie soorte plante, veral kruidagtige plante, in verskillende vorms glo by toordery gebruik.<sup>155</sup> Daar kon egter nie bewyse van plante se bonatuurlike uitwerking, gelowe, gesegdes en gelukbringers in die studie-area opgespoor word nie. Dit lyk asof die bygelowe aan die uitwyk is. Hierdie medisinale tradisies is besig om onder die verskillende etniese groepe te kwyn, maar vorm 'n deel van die Koepel se kultuurerfenis.

Die Koepel beskik oor 'n verskeidenheid houtsoorte, maar hulle is nog altyd slegs in klein hoeveelhede beskikbaar en geen grootskaalse houtkappery het nog (met enkele uitsonderings) plaasgevind nie. Die inheemse hout soos die soetdoring (*Acacia karroo*) en kameeldoring (*Acacia erioloba*) is hoofsaaklik vir brandhout gebruik. Brandhout is gewoonlik swaar en hard, beskik oor 'n hoë energiewaarde, brand stadig en vorm kole eerder as as. Voor die beskikbaarheid van elektrisiteit, is brandhout vir kook- en verhittingsdoeleindes gebruik. Daar is ook op Schurwedraai 382 in die 1940's deur Lowies du Plessis 'n stoommasjien gebruik om water vir besproeiingsdoeleindes uit die rivier te pomp.<sup>156</sup> Op hierdie plaas, asook die aangrensende Boomplaas, is die bome so uitgekapt vir die stoommasjien, dat daar tot vandag nog min bome daar groei.<sup>157</sup> Meubels is van die inheemse rooi ivoor (*Berchemia zeyheri*), jakkalsbessie (*Diospyros mespiliformis*) en olienhout (*Olea europaea* subsp. *africana*) gemaak. Verder is die Lombardiese populier (*Populus nigra* var. *italica*) hoofsaaklik aangeplant om die houtvoorraad aan te vul, veral om te gebruik in konstruksiewerk, soos vir huise se dakbalke en pale om tabakskure op te rig, asook om vuurhoutjies van te maak.<sup>158</sup>

---

<sup>154</sup> GPA, MO2, E. Mhlahlo (29), Venterskroon 2010.11.27.

<sup>155</sup> P.W. Grobbelaar (red.), "Volksgeloof" in *Die Afrikaner en sy kultuur (6): boerewysheid*, p. 82.

<sup>156</sup> GPA, MO2, A. Kotzé (65), Helena 2011.02.05.

<sup>157</sup> GPA, MO2, A. Kotzé (65), Helena 2011.02.05.

<sup>158</sup> S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 8.

Baie bome is oor die jare in die populierbos op Kopjesdam 434 afgesaag en vir hierdie doel verkoop.<sup>159</sup>

Sommige boomspeesies het ook produkte verskaf wat in handwerk gebruik is, soos die jong lote van die aangeplante uitheemse wilgerbome (*Salix lasiandra* en *Salix caprea*). In die swaar turfgrond op die Vaalrivieroewer en -eilande is daar vandag nog oorblyfsels van die aangeplante uitheemse wilgerbome (*Salix lasiandra* en *Salix caprea*), wat vroeër vir die vleg van mandjies gebruik is.<sup>160</sup> "Parys Basket Works" het juis in die 1920's met 15 werkers mandjiewerk gedoen, waarvan stoele veral in aanvraag was.<sup>161</sup> Talle inheemse bome se blaarvesels is ook vir weefwerk en toue gebruik, die vrugte en kalbasse as houers en inheemse musiekinstrumente, en die sade as krale en versierings. Verder is bas, blare of vrugte ook tradisionele bronne van kleur- en looistowwe. Daar is vroeër ink vervaardig van die bas van 'n bepaalde boom soos die waboom (*Protea nitida*) of van 'n bepaalde bossie, 'n sogenaamde inkbossie (*Phytolacca heptandra*).<sup>162</sup>

### **Uitheemse plante en onkruid**

Uitheemse en indringerplante wat aanvanklik hoofsaaklik vir 'n funksionele doel aangeplant is, is deel van die Koepellandskap in hierdie area en vorm deel van die vestigingsgeskiedenis. Die bloekomboom (*Eucalyptus*-speesies) (Figuur 4), trosden (*Pinus pinaster*), kerkhofsipres (*Cupressus sempervirens*) en peperboom (*Schinus molle*) is vroeër aangelê om te dien as skaduwee en beskutting teen die (weste-)winde. 'n Aangeplante granaat- (*Punica granatum*) en kweper- (*Cydonia oblonga*) laning wat as windbrekers gedien het, het gewoonlik langs die watervoor op die plaaswerf gestaan en die kleinwerf van die grootwerf geskei. Die mak-sering (*Melia azedarach*) wat vinnig groei en die jakarandaboom (*Julbernardia globiflora*) met mooi pers blomme, is beide verklaarde indringerbome. Daarby het dit na plekke in die Koepel waar die plantegroei versteur is, versprei. Die inkbessie (*Cestrum parqui*), oorspronklik van Australië, het die inheemse plantegroei die afgelope paar jaar grootliks verdring. Laasgenoemde bessie is veral 'n probleem

---

<sup>159</sup> S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 8.

<sup>160</sup> Parys-museum se uitstalkas 2010.12.08.

<sup>161</sup> J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys*, p. 48.

<sup>162</sup> T.H. le Roux (red.), *Die dagboek van Louis Trigardt*, p. xxii.

onder die veeboere, omdat die gif in die blare wat die bees eet, die maag laat opblaas en die bees gevolglik sterf.<sup>163</sup>



Figuur 4: 'n Bloekomboomlaning (*Eucalyptus*-spesie) op pad na Chazen<sup>164</sup>

Gevolglik veroorsaak dit dat die weiding vir beeste aan die Vaalrivier se oewers, waar hierdie struik welig groei, onbenutbaar is. Ander uitheemse plante, soos die dadelpalm (*Phoenix dactylifera*) (Figuur 5) en yuka (*Yucca filamentosa*), is oorspronklik as sierplante in tuine geplant, vanwaar dit onder die natuurlike plantegroei versprei het.

---

<sup>163</sup> GPA, MO2, S.G. Jansen van Rensburg (41), Kromdraai 2010.08.25; GPA, MO2, J.J.L. Venter (86), Waterval 2011.05.14.

<sup>164</sup> GPA, proefskriffoto's: C. Gouws, Chazen 2010.11.03.